

## SKULDEISERS OP DIE DRUMPEL - Deel 1

Keiko is in 1934 in die beroemde stad Kyoto gebore. Haar vroegste herinneringe sluit die moeilike tye gedurende die Tweede Wêreldoorlog in, toe haar familie in een kamer gebly het en die lig saans met 'n swart doek toegemaak is sodat die lig nie deur die vensters kon skyn nie. Sy was bang vir die donker en toe die oorlog in 1945 geëindig het, was sy verheug toe sy die ligte kon aanskakel sonder enige beperkings!

Keiko was in 'n Christenmiddelskool, genaamd Doshisha, wat in 1875 begin is deur 'n Christensending en opvoedkundige. Keiko onthou die woorde van 'n predikant wat die skool besoek het. Sy het met belangstelling geluister hoe hy getuig het van sy geloof in Jesus, en vir die eerste keer het sy gedink daar kan 'n ware en lewende God wees wat haar liefhet en 'n plan vir haar lewe het.



Keiko Hirabayashi

Keiko was 'n senior in die hoërskool toe sy aangetrokke begin voel het tot haar taalonderwyser. Soos die tyd verbygegaan het, het 'n verhouding tussen hulle twee ontwikkel en na sy haar vier jaar op universiteit voltooi het, is sy in 1957 met Hajime Hirabayashi getroud.

Jare gelede, toe Hajime nog in die hoërskool was, het 'n vriend hom vertel van Jesus en hom saamgenooi kerk toe. Hajime het sy hart vir die Here gegee terwyl hy 'n universiteitstudent was, maar hy het weggedwaal van die kerk en sy lering teen die tyd wat hy Keiko ontmoet het. Hy het begin om die bestaan van God te bevraagteken en het 'n voorstander geword vir sosiale verandering. Beide het gevoel dat sosiale verandering die antwoord is vir 'n gelukkige lewe en die probleme van die samelewing.

Toe die oudste van haar drie kinders begin het met laerskool, het Keiko 'n drang gevoel om met iets nuuts te begin. Net op daardie tydstip het sy 'n advertensie gekry oor die onderrig van Engels by 'n kerk in haar omgewing. Hierdie advertensie het onmiddellik haar aandag getrek, want sy het onthou hoe sy dit geniet het om Engels op skool te leer, en dit het ook gesê: **Kinders welkom!**

Keiko het die Engelse klasse en die vrouebyeenkomste saam met haar twee kinders wat twee en drie jaar oud was, bygewoon. Sy het die Bybel geken, aangesien sy in 'n Christenskool was, maar dit was alles intellektuele kennis. Hoe meer sy die boodskappe gehoor het, hoe meer het sy begin om die waarhede van die Bybel te verstaan. Sy het die werklikheid begin besef dat sy 'n sondaar was.

“Ek het myself as 'n goeie persoon beskou, omrede ek nog nooit 'n misdaad gepleeg het nie, maar toe ek Markus 7:20-23 lees, het ek tot die diepe besef gekom dat ek ver tekortskiet aan die beantwoording van die heerlijkheid van God. Ek het om vergifnis gevra en Jesus aanvaar as my persoonlike Verlosser.”

Kort nadat Keiko haar hart vir die Here gegee het, moes sy 'n skrikwekkende beproewing in die gesig staar. Sonder haar medewete het haar man ingestem om borg te staan vir 'n lening aan 'n vorige student. Die student het 'n boekwinkel bestuur wat op die rand van bankrotskap was en het toe net verdwyn. Hajime was verplig om geld te leen van 'n skelm woekeraar om die lening af te los. Die rente op die geld wat hy geleen het, was 'n geweldige groot bedrag; derhalwe het hy meer geld geleen by 'n ander woekeraar om die rente te kan betaal. In 'n oogwink was hulle opgesaal met 'n

massiewe skuldias.

Kort daarna het hulle 'n opskrif in 'n koerant gesien wat gehandel het oor 'n familie wat selfmoord gepleeg het oor 'n lening van drie miljoen jen. Haar eggenoot se lening was meer as tien miljoen jen! Sy het later erken dat so 'n opsie ook in hulle gedagtes opgekom het as 'n eerbare manier om uit hierdie desperate situasie te kom. Dit was in hierdie tye wat sy vasgehou het aan die vers in 1 Kor. 10:13: **Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.**

Met drie kinders in die laerskool het Keiko, om hulle inkomste te help aanvul, aan kinders van die omgewing Engels begin onderrig. Hulle het hulle huis verkoop, maar was gelukkig om steeds daarin te kon aanbly. Hulle situasie was so haglik dat hulle geld by hulle vriende en familie moes leen om aan die lewe te kon bly. Vir baie maande het die rentebetalinge hulle maandelikse inkomste oorskry.

“Ons het aaklige oproepe van die woekeraars gekry,” het Keiko onthou. My man se hande het gebewe wanneer hy die foon geantwoord het. Wanneer ek 'n oproep ontvang het, het my hart op loop gegaan van vrees. Ek het die woorde van Matteus 10:28 hardop gesê, **Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan.** Dit het my gehelp om kalmte te kry om die telefoon te antwoord. Ek het vir die eerste keer ontdek hoe Bybelverse 'n ware krag vir Christene is.

Ons het baie wonderwerke beleef gedurende hierdie moeilike jare. Partykeer het ons net een bord 'tofu' (sojawrongel) gehad vir middagete, maar ons was nooit sonder kos nie. Daar is oorvloedig in ons behoeftes voorsien deur Christen- en nie-Christenvriende.

“Ek was oortuig dat die woorde in die Bybel die waarheid was en het God saam met my kinders uit die diepte van ons harte geprys. Rom. 8:32 sê: **Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?**”

Keiko is nou 81 jaar oud en lewe gelukkig saam met Hajime wat vanjaar 90 jaar word. “Ek het erge beproewings deurgemaak in my lewe,” het Keiko gedeel, “maar as ek nie sulke teenspoed gehad het nie, sou ek nie vir Jesus so innig geken het nie.”

Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY

7-40 MONZEN CHO POSBUS 30106  
IKOMA CITY, NARA KEN WONDERBOOMPOORT 0033  
630-0266, JAPAN Tel: (012)377-1533  
Tel: 0081-743731754 083 719 0227  
Faks: 0081-743731681 Faks: (012)377-1533  
www.japanmission.org sa@japanmission.org

Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org

## DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"

- Bybels en Leesstof
- Oudiovisuele Uitreiking
- Studente Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Bediening in Tronke
- Bejaardes Uitreiking
- Engelse Evangelisasie
- Evangelisasie Byeenkomste

**ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.

■ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.

Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se **NAAM en TELEFOONNOMMER** duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetalings verskyn.

■ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:

**STANDARD BANK:-** 1/12/2015 Langeberg, 2/12, 14/12, 14/12 Pretoria, 17/12, 21/12, 4/1/2016, 6/1, 16/1, 19/1 Clanwilliam, 20/1, 21/1, 22/1 Strand, 2/2, 3/2, 9/2, 10/2, 16/2.

**ABSA BANK:-** 1/12/, 2/12 NLM, 2/12 Menlyn, 11/12, 14/12, 14/12 Kleinmond, 17/12, 18/12, 20/12 Brackenfell, 22/12, 26/12, 28/12 Bybels, 29/12, 1/1, 2/1 NLM, 2/12 Brackenfell, 18/1, 21/1, 22/1 Langeberg, 25/1, 26/1, 28/1 Bybels, 28/1, 1/2, 16/2, 17/2 Kleinmond, 18/2, 22/2, 23/2, 29/2 Bybels, 29/2/2016.

■ Tjeks kan aan **JAPANSENDING** betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of 'n debietorder kan gebruik word.

**Nogmaals BAIE DANKIE**, lieve vriende. Mag die Here u seën.

Naam van Rekening: **JAPANSENDING**

**STANDARD BANK**, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845

**ABSA BANK**, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645

**JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033**  
Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org

(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08

Sy woon steeds dieselfde kerk by waar sy die Here gevind het en nou speel sy 'n belangrike rol in Japansending se Engelse Evangeliese Program wat in daardie kerk aangebied word. **Bid** vir haar aangesien sy Bybelklasse aanbied en haar geloof deel met baie Engelse studente.

**Lees in die volgende uitgawe hoe die hele familie hulle harte vir die Here gegee het en wonderbaarlik verlos is van die verskriklike skuld waarin hulle beland het.**

## JAPANORAMA - SELFMOORD IN JAPAN

Verlede jaar het oor die 25 000 mense hulle eie lewe geneem. Dit kom neer op omtrent 70 persone per dag. Kenners sê dat isolasie die nommer een aanleidende faktor is tot depressie en selfmoord. Die assurancesistiem in Japan is nie so streng wanneer dit kom by die uitbetaling vir selfmoord nie; so wanneer alle ander dinge misluk, voel sommige hulle kan slegs hulleself doodmaak en sal die assurance uitbetaal. Daar is somtyds 'n onuithoubare druk op die ouer persone dat die mees liefdevolle ding wat hulle kan doen, is om hulle eie lewe te neem en so vir hulle familie te voorsien. Sommige kenners meen dat Japan se selfmoordsyfer in werklikheid hoër is as wat berig word. Baie van die alleensterftes van ouer persone word nooit ten volle ondersoek nie.

Die vinnigste groeiende selfmoord volgens 'n demografiese studie is jong mans. Dit is nou die grootste doodmaker van mans in Japan tussen die ouderdom van 20 tot 44. Bewyse toon dat hierdie jongmense hulle eie lewe neem omdat hulle hoop verloor het en nie in staat is om hulp te soek nie. Terwyl ouer persone steeds in 'n permanente werk is met goeie voordele, kan bykans 40% jongmense in Japan nie 'n vaste werk vind nie.

**Bid** dat die Here ons sal lei na hulle wie se harte Hy voorberei het vir ons uitreik na hulle wat hoop verloor het.

## OPDATERING - BYBELVERSPREIDING

Dankie vir u gebede vir Bybels. Terwyl die Japansending steeds voortgaan om Bybels beskikbaar te stel in Sjina en baie dele van die Verre Ooste, het 'n groot behoefte in die Midde-Ooste onder ons aandag gekom. Sirië is 'n moonheid waarvan meer as die helfte van die bevolking verplig is om uit die land te vlug. Miljoene bly nou in onmenslike omstandighede in oorvol vlugtelingkampe.

Die Japansending was onlangs betrokke in 'n projek om Bybels te voorsien aan Siriëse vlugteling in Libanon en Jordanië. Ons het berigte ontvang dat baie Siriëse kinders en hulle moeders Christus leer ken het.

Een predikant in Jordanië het vertel hoe God 'n wye deur oopgemaak het vir die evangelie in die Midde-Ooste. Net tien jaar gelede was hierdie situasie ondenkbaar.

Eendag het 'n Moslemvrou, geklee in 'n burka (eenstuk sluiers wat die gesig en liggaam bedek), by die deur van sy kerk in Amman ingekom. Dit was baie ongewoon, want 'n Moslemvrou gaan net nie by 'n Christenkerk in nie, veral nie alleen nie. Sy het vinnig gesê: "Asseblief, moenie kyk na die manier waarop ek aangetrek is nie." Sy het toe voortgegaan en vertel hoe sy 'n man in 'n droom gesien het. Hy was in wit geklee en het haar spesifiek aangesê om na daardie straat en daardie betrokke gebou te gaan waar sy hulp sou kon kry. Sy en haar familie is vlugteling van Sirië.

Hierdie gebeurtenis was die begin van die uitreikprogram van die kerk na die Siriëse en Irakiese vlugteling. Tans ontvang ongeveer 800 families van omtrent 5 000 lede maandeliks hulp. Terwyl die kerk die liefde van Christus in aksie wys, het die vlugteling hulle harte geopen en het baie Jesus Christus as hulle Verlosser ontvang.

Die vlugteling het weggevlug van die oorlog en ongelooflike wreedhede, en moes lewensbedreigende gevaar in die gesig staar om veiligheid te kon bereik. Hulle het nie net hulle familie, hulle vaderland en alles wat dierbaar vir hulle was, agtergelaat nie, maar in 'n groot mate ook hulle godsdiens. Derhalwe is baie nou ontvanklik vir die Goeie Nuus.

**Bid** vir hierdie mense omdat hierdie projek lig, lewe en ewige hoop gee vir duisende mense wat lewe in hopeloosheid en donkerheid.

■ Een van die bedienings waarby Japansending steeds betrokke is, is die druk en verspreiding van Bybels in Sjina. Baie Christene in Sjina word steeds diep geraak en geseën wanneer hulle 'n persoonlike eksemplaar van die kosbare Woord van God vir die eerste keer in hulle lewe ontvang. Een voltydse werker in die bediening wat vir 1 200 Bybels gevra het, het gesê dat baie weer eens hulle geloof in Jesus Christus bevestig het. Dit blyk dat Sjina nog steeds 'n groot herlewings beleef.

Dit wat die Here in Sjina doen, is werklik wonderbaarlik. Ontelbare mense word verander deur 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus.

**Bid asseblief** vir ons vir die nodige hulpbronne om Bybels beskikbaar te kan stel aan baie wat hulle lewe aan die Here toevertrou het. **Bid** vir wysheid en beskerming vir die netwerk drukkers, verspreiders en koeriers wat betrokke is in 'n proses wat somtyds baie gevaarlik is. **Bid** vir hulle wat vervolg word vir hulle geloof in Jesus.